DIE PROVINSIE TRANSVAAL
THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

Buitengewone Provinsiale Koerant
Provincial Gazette Extraordinary

Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**
Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**

Vol. 237 PRETORIA, 9 MEI / MAY 1994 No. 5004

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 169 9 Mei 1994

DORPSRAAD VAN SHARPEVILLE EN DORPSKOMITEE VAN BOIPATONG: AANWYSING VAN 'N PERSOON KRAGTENS ARTIKEL 29A VAN DIE WET OP SWART PLAASLIKE OWERHEDE, 1982 (WET No. 102 VAN 1982), SOOS VAN TOEPASSING OP ALLE PLAASLIKE BESTURE INGESTEL KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE No. 17 VAN 1939), KRAGTENS ARTIKEL 8 VAN DIE WYSIGINGSWET OP PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1991 (WET No. 127 VAN 1991)

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van die Provinsie Transvaal, kragtens artikel 29A van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), soos ingevolge artikel 8 van die Wysigingswet op Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1991 (Wet No. 127 van 1991), van toepassing gemaak by Administrateurskennisgewing No. 350 van 26 Augustus 1992 op alle plaaslike besture ingestel kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), saamgelees met artikel 13 (4) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), wys hierby **mnr. P. J. Kilian** (Identiteitsnommer 4206175037083) aan om vanaf 9 Mei 1994 tot 30 Junie 1994 of sodanige korter tydperk as wat ek mag bepaal, die sake van die Dorpsraad van Sharpeville en Dorpskomitee van Boipatong te bestuur en te beheer en om die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge van die Dorpsraad van Sharpeville en Dorpskomitee van Boipatong namens die Dorpsraad van Sharpeville en Dorpskomitee van Boipatong uit te oefen, te verrig en na te kom.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Vieren-negentig.

D. J. HOUGH,
Administrateur van die provinsie Transvaal.

Administrator's Notices

Administrator's Notice 169 9 May 1994

TOWN COUNCIL OF SHARPEVILLE AND TOWN COMMITTEE OF BOIPATONG: DESIGNATION OF A PERSON IN TERMS OF SECTION 29A OF THE BLACK LOCAL AUTHORITIES ACT, 1982 (ACT No. 102 OF 1982), AS APPLICABLE TO ALL LOCAL GOVERNMENTS, ESTABLISHED IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE No. 17 OF 1939), IN TERMS OF SECTION 8 OF THE LOCAL AUTHORITY AFFAIRS AMENDMENT ACT, 1991 (ACT No. 127 OF 1991)

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Province of the Transvaal, in terms of section 29A of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), as made applicable in terms of section 8 of the Local Authority Affairs Amendment Act, 1991 (Act No. 127 of 1991), as made applicable by Administrator's Notice No. 350, dated 26 August 1992, to all local authorities established in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), read in conjunction with section 13 (4) of the Local Government Transitional Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), hereby designate **Mr P. J. Kilian** (Identity Number 4206175037083) as from 9 May 1994 to 30 June 1994 or such lesser period as I may determine, to manage and control the affairs of the Town Council of Sharpeville and Town Committee of Boipatong on behalf of the Town Council of Sharpeville and Town Committee of Boipatong and to exercise, perform and fulfil the rights, powers, functions, duties and obligations of the Town Council of Sharpeville and the Town Committee of Boipatong.

Given under my Hand at Pretoria, this Ninth day of May, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

D. J. HOUGH,
Administrator of the Province of the Transvaal.

Administrateurskennisgewing 170 9 Mei 1994

DORPSRAAD VAN SHARPEVILLE EN DORPSKOMITEE VAN BOIPATONG: VERKORTING VAN AMPSTERMYN VAN 'N AANGEWYSDE PERSOON KRAGTENS ARTIKEL 29A (2), GELEES MET ARTIKEL 29A (1), KRAGTENS DIE WET OP SWART PLAASLIKE OWERHEDE, 1982 (WET No. 102 VAN 1982), SOOS VAN TOEPASSING OP ALLE PLAASLIKE BESTURE INGESTEL KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE No. 17 VAN 1939), KRAGTENS ARTIKEL 8 VAN DIE WYSIGINGSWET OP PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1991 (WET No. 127 VAN 1991)

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van die provinsie Transvaal, kragtens artikel 29A van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), soos van toepassing gemaak ingevolge artikel 9 van die Wysigingswet op Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1991 (Wet No. 127 van 1991), van toepassing gemaak by Administrateurskennisgewing No. 350 van 26 Augustus 1992 op alle plaaslike besture ingestel kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1993), saamgelees met artikel 13 (4) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), verkort hiermee die ampstermyn van **mnr. E. Combrinck** soos aangewys vir die periode 1 Februarie 1994 tot 30 Junie 1994 ingevolge Administrateurskennisgewing No. 55 van 31 Januarie 1994, saamgelees met Administrateurskennisgewing No. 74, gedateer 16 Februarie 1994, tot en met 9 Mei 1994.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Vieren-negentig.

D. J. HOUGH,

Administrateur van die provinsie Transvaal.

Administrateurskennisgewing 171 9 Mei 1994

VERKLARING VAN PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEES TOT PLAASLIKE OWERHEIDSLIGGAME KRAGTENS ARTIKEL 1 (2) VAN DIE OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993 (WET No. 209 VAN 1993)

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van Transvaal, kragtens artikel 1 (2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), en met die instemming van die betrokke Provinsiale Komitee vir Plaaslike Regering verklaar hierby die Plaaslike Gebiedskomitee van Vaalmarina, ingestel kragtens artikel 21 (1) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943), tot 'n plaaslike owerheidsliggaam vir doeleindes van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

D. J. HOUGH,

Administrateur van Transvaal.

Administrator's Notice 170 9 May 1994

TOWN COUNCIL OF SHARPEVILLE AND TOWN COMMITTEE OF BOIPATONG: CURTAILMENT OF THE PERIOD OF OFFICE OF A DESIGNATED PERSON IN TERMS OF SECTION 29A (2), READ WITH SECTION 29A (1), IN TERMS OF THE BLACK LOCAL AUTHORITIES ACT, 1982 (ACT No. 102 OF 1982), AS APPLICABLE TO ALL LOCAL GOVERNMENTS, ESTABLISHED IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE No. 17 OF 1939), IN TERMS OF SECTION 8 OF THE LOCAL AUTHORITY AFFAIRS AMENDMENT ACT, 1991 (ACT No. 127 OF 1991)

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Province of the Transvaal, in terms of section 29A of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), as made applicable in terms of section 8 of the Local Authority Affairs Amendment Act, 1991 (Act No. 127 of 1991), as made applicable by Administrator's Notice No. 350, dated 26 August 1992, to all local authorities established in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), read in conjunction with section 13 (4) of the Local Government Transitional Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), curtail herewith the period of office of **Mr E. Combrinck,** duly authorised for the period of 1 February 1994 to 30 June 1994 in terms of Administrator's Notice No. 55 of 31 January 1994, read with Administrator's Notice No. 74 of 16 February 1994, up to and including 9 May 1994.

Given under my Hand at Pretoria this Ninth day of May, One thousand Nine hundred ad Ninety-four.

D. J. HOUGH,

Administrator of the Province of the Transvaal.

Administrator's Notice 171 9 May 1994

DECLARATION OF LOCAL AREA COMMITTEES TO BE LOCAL GOVERNMENT BODIES UNDER SECTION 1 (2) OF THE LOCAL GOVERNMENT TRANSITIONAL ACT, 1993 (ACT No. 209 OF 1993)

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Transvaal, under section 1 (2) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), and with the concurrence of the Provincial Committee for Local Government concerned declare hereby the Local Area Committee of Vaalmarina, established under section 21 (1) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Area Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943), to be a local government body for the purpose of the Local Government Transitional Act, 1993.

D. J. HOUGH,

Administrator of the Transvaal.

IS JOU TERREIN GEREGISTREER?
IS YOUR SITE REGISTERED?

Departement van Omgewingsake Department of Environment Affairs

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS		
169	Wet op Swart Plaaslike Owerhede (102/1982): Dorpsraad van Sharpeville en Dorpskomitee van Boipatong: Aanwysing van 'n persoon	1	5004
170	do.: do.: Verkorting van ampstermyn van 'n aangewysde persoon	2	5004
171	Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Verklaring van plaaslike gebiedskomitees tot plaaslike owerheidsliggame	2	5004

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	ADMINISTRATOR'S NOTICES		
169	Black Local Authorities Act (102/1982): Town Council of Sharpeville and Town Committee of Boipatong: Designation of a person	1	5004
170	do.: do.: Curtailment of the period of office of a designated person	2	5004
171	Local Government Transitional Act (209/1993): Declaration of local area committees to be local government bodies	2	5004

Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria